Publication: DIE BURGER
Page: 6
Title: Elandsfontein: Aansoek om waterlisensie steeds oorweeg
Publish Date: 22 February 2017
AVE: 10096.08
Author: Malherbe Nienaber

# Elandsfontein: Aansoek om waterlisensie steeds oorweeg

**Malherbe Nienaber**

Die aansoek om 'n watergebruikslisensie vir die Elandsfontein-fosfaatmyn aan die Weskus word steeds oorweeg en 'n finale besluit is nog nie bekend gemaak nie.

Sputnik Ratau, woordvoerder van die departement van water en sanitasie (DWS), het gister gesê die aansoek om 'n geïntegreerde watergebruikslisensie (IWUL) word nog verwerk.

Elandsfontein Exploration and Mining (EEM) het aansoek gedoen om daagliks 1,6 megaliter water van die Saldanhabaai-munisipaliteit te gebruik en sal aanvanklik ook sowat 20 megaliter per dag uit die grond pomp om die myngebied uit te droog.

Munisipale water sal vir die mynbedrywighede gebruik word, terwyl die grondwater wat onttrek word, met 'n geslote stelsel teruggepomp sal word sodat dit nie besoedel raak nie.

Dié myn grens aan die Weskus Nasionale Park tussen Langebaan en Hopefield, naby 'n fossielryke gebied wat in 2015 tot provinsiale erfenisgebied verklaar is.

Ratau het twee weke gelede gesê die direkteur-generaal se besluit oor die IWUL-aansoek behoort teen Vrydag geneem en Maandag bekend gemaak te word.

Die DWS-besluit kom te midde van ernstige waterbeperkings wat by alle munisipaliteite in die Weskus-gebied van krag is.

Sanparke het in Januarie aangedui dat hy aanvanklik die lisensieaansoek teengestaan het, maar hy het die beswaar teruggetrek mits sekere voorwaardes nagekom word.

Daar is aanbeveel dat 'n tydelike lisensie nie uitgereik word nie totdat "onsekerhede" oor die moontlike invloed van mynbedrywighede op die grondwater en die Langebaan-strandmeer uitgeklaar word.

"Dit kwel Sanparke steeds dat ons nie 'n volledige begrip het van die ondergrondse waterstelsel wat na die strandmeer lei nie."

Die invloed wat die mynbedrywighede en die terugpomp van water op die watergehalte in die strandmeer sal hê, is volgens Sanparke "nog grootliks onbekend" en bykomende toetse en modellering is aanbeveel.

Memory Johnstone, EEM-woordvoerder, het Vrydag gesê die myn het eers aansoek gedoen om daagliks 2,4 megaliter munisipale water te gebruik, maar dit is gewysig na 1,6 megaliter per dag. "Die vraag sal verder verminder word namate bedrywighede vorder."

Johnstone sê die myn se afvalmateriaal sal ook gefiltreer word sodat 'n gewone stortingsterrein "waar groot hoeveelhede water dikwels verlore gaan" nie nodig is nie.

Elandsfontein sal 0,1 $m^3$ water gebruik vir elke ton erts wat verwerk word, terwyl myne "gewoonlik" 1 $m^3$ (1 000 liter) water benodig. Mettertyd sal die myn die hoeveelheid grondwater wat uitgepomp word, tot 15 megaliter per dag verminder.

Die myn is op 500 ha grond geleë en die fosfaat sal vir minstens 15 jaar uit 'n akwifer 20 m onder die grond ontgin word. Fosfaat word in die landbousektor, veral in kunsmis, gebruik.


www.novusgroup.co.za | Tel: 011 568 3337 | clientservice@novusgroup.co.za | Copyright © Novus Group (Pty) Ltd.